## *Week 9: Gehoorsaamheid as ’n dissipline*

***2 – 8 Junie***

1. Mens tot mens: Ons is nou behoorlik in die greep van winter. Deel met mekaar hoe julle selfs in die verskille van die seisoene nog steeds God se teenwoordigheid beleef. Hoe lekker is die beeld van warmte en sorg, ’n lekker warm ete of sop nie vir die sorg van die Here vir sy kinders nie? Vertel vir mekaar van God se warm liefde. Almal is egter nie altyd ewe goed versorg nie. Vertel vir mekaar met wie julle paaie die week gekruis het? Was die ontmoetings toevallig?

   ____________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________

2. Mens tot God. Ons dink in hierdie tyd spesifiek aan mense wat nie genoeg het nie. Mense wat koud kry, nie ’n warm bed het om in te slaap nie en nie genoeg warm kos het om te eet nie. Ons dank God vir sy genade vir ons dat dit met ons wel goed gaan en dat ons genoeg het. Ons raak sensitief vir die stem van die Here vir waar Hy ons wil gebruik om mense wat kort kom te kan versorg.

   ____________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________

   Lees **Ps 62:6 – 8** hardop as deel van ons dank aan die Here.

   > Net by God vind ek rus,  
   > want op Hom vertrou ek.  
   > Net Hy is my rots en my redding,  
   > my veilige vesting, sodat ek stewig staan.  
   > God is my redding en my krag.  
   > Hy is my rots, my sterkte,  
   > God is my toevlug.

3. God tot mens: Bid nou dat die Here die Woord sal oopmaak en dat Hy helder met elkeen sal praat, nie net deur die Skrif nie, maar ook deur die mense rondom ons wat saam luister na sy stem.

   ____________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________

4. Lees Gen 12:1 – 9. Wat hoor elkeen in hierdie teks? Wat wil julle met mekaar hieroor deel?

   ____________________________________________________________________________

5.1 Watter beloftes maak die Here aan Abraham? Watter opdragte lê in hierdie beloftes?

5.2 Bespreek hierdie stelling: God is meer in die kerk as in die kroeg.

5.3 Dink aan die week wat verby is. Kan dit wees dat daar iemand was wat my pad gekruis het waar die Here my wou gebruik maar waar ek die kans gemis het?

5.4 In die geskiedenis van Abraham leer ons dat gehoorsaamheid aan die Here vir Hom baie belangrik is. As ons gehoorsaam is sal ons nie die kanse mis waar die Here ons wil gebruik nie. Wat maak dat ons aan God ongehoorsaam is? Hoe belemmer dit ons geestelike groei?

5.5 Wat loop ons mis as ons aan God ongehoorsaam is?

6. Waarvoor sal ons bid?

6.1 vir die gemeente? ______

6.2 vir die wêreld/gemeenskap? ______

6.3 vir mekaar? ______

7. Wat gaan ons nou doen?

   Kyk en luister waar die Here ons in die week wat kom wil gebruik.

   ______________________________

   ______________________________

   ______________________________